**SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

**NO. 192** **03 MAART 2017**

**OPGAWES DEUR DERDE PARTYE INGEDIEN TE WORD INGEVOLGE ARTIKEL 26 VAN DIE WET OP BELASTINGADMINISTRASIE, 2011 (WET NO. 28 VAN 2011)**

Ingevolge artikel 26 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, vereis ek, Thomas Swabihi Moyane, Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, hierby dat die persone in die aangehegte Bylae aangedui opgawes moet indien teen die datums in die Bylae voorgeskryf.



**T S MOYANE**
**KOMMISSARIS: SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

**BYLAE**

## 1. Algemeen

Enige woord of uitdrukking vervat in hierdie kennisgewing waaraan ’n betekenis in die Wet op Belastingadministrasie, 2011, of die Regulasies deur die Minister van Finansies vir doeleindes van paragraaf *(a)* van die omskrywing van “internasionale belastingstandaard” in artikel 1 van die Wet op Belastingadministrasie in *Staatskoerant* No. 39767 van 2 Maart 2016 gepubliseer (“die Regulasies”), geheg is, het die betekenis aldus daaraan geheg, tensy dit uit die samehang andersins blyk.

**“Common Reporting Standard”** of **“CRS”** beteken die veranderinge aan die “Organisasie vir Ekonomiese Samewerking en Ontwikkeling se ‘Standard for Automatic Exchange of Financial Account Information in Tax Matters’”, soos aangedui deur die Minister vir doeleindes van paragraaf *(a)* van die omskrywing van “internasionale belastingstandaard” in artikel 1 en kragtens artikel 257 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, en in *Staatskoerant* No. 39767 van 2 Maart 2016 gepubliseer; en

**“BRS: CRS”** beteken die “CRS business requirement specification reporting schema”.

## 2. Rapporterende finansiële instelling vereis om derdepartyopgawes in te dien

’n Rapporterende Finansiële Instelling word vereis om ’n opgawe in te dien—

*(a)* in die vorm van ’n datalêer saamgestel ooreenkomstig die “BRS: CRS”- opgawe;

*(b)* wat die inligting bevat bedoel in die “CRS” soos verder aangedui in die “BRS: CRS”-opgawe; en

*(c)* ten opsigte van elke Rapporteerbare Rekening van die Rapporterende Finansiële Instelling.

## 3. Datum vir indien van opgawe

Die “BRS: CRS”-opgawe bedoel in paragraaf 2, wat al die inligting bevat—

*(a)* vir die Rapporteringstydperk van 01 Maart 2016 tot 28 Februarie 2017, moet teen 31 Mei 2017 ingedien word; en

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za

*(b)* daarna jaarliks, vir elke Rapporteringstydperk wat op 1 Maart begin en aan die einde van Februarie van die volgende jaar eindig, moet teen 31 Mei van daardie jaar ingedien word.

**4. Alternatiewe reëlings met SAID**

SAID kan instem dat ’n Rapporterende Finansiële Instelling wat vereis word om ’n CRS-opgawe ooreenkomstig hierdie Bylae in te dien, ’n opgawe ten opsigte van ’n ander Rapporteringstydperk en op ’n ander datum, na gelang van die geval, mag indien.

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**